



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**SINKRETISME AS TEOLOGIESE UITDAGING**

**MET BESONDERE VERWYSING**

**NA DIE**

**IBANDLA LAMANAZARETHA**

**DEUR**

**SAMUEL JACOBUS JOHANNES NIEMAND**

**VOORGELÊ TER VERVULLING VAN DIE VEREISTES  
VIR DIE GRAAD**

**PHILOSOPHIAE DOCTOR**

**FAKULTEIT TEOLOGIE (AFD B)**

**DEPARTEMENT GODSDIENS EN SENDINGWETENSKAP**

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**PROMOTOR: PROF J J KRITZINGER**

**PRETORIA**

**NOVEMBER 2000**

## DANKBETUIGINGS

Vir 'n navorsingsprojek soos hierdie, is bekwame en inspirerende leiding onontbeerlik. Daarom gaan my dank allereers aan prof J J Kritzinger onder wie se toesig en leiding dit my voorreg was om hierdie studie te kon onderneem. Sy kundigheid, ervaring en veral ook sy begrip toe dit baie moeilik gegaan het, was uiters waardevol en het vir my baie beteken.

Aan my eggenote, Rina, wil ek graag my innige dank oordra. Haar troue bystand en voortdurende aanmoediging was vir my 'n groot bron van inspirasie. Ook aan die kinders dra ek graag my dank oor. Hulle meeewing het vir my baie beteken.

My hartlike dank gaan ook aan die volgende instansies wat hierdie navorsing by wyse van finansiële ondersteuning moontlik gemaak het:

Die Universiteit van Pretoria

Die Kerkraad van die NG Gemeente Meerensee, Richardsbaai

Die Sinodale Sendingkommissie, NG Kerk Noord-Transvaal

Die Emmarentia Geldenhuys Sendingstudiefonds.

Aan die gemeente Meerensee, Richardsbaai, rig ek graag 'n spesiale woord van dank. Hulle het daartoe bygedra dat wêreldewangelisasie vir my 'n nuwe betekenis gekry en 'n prioriteit in my lewe geword het.

Aan prof G C Oosthuizen dra ek ook my opregte dank oor. Sy onuitputlike ervaring en kennis van die Zoeloe, die Onafhanklike Swart Kerke en die *amaNazaretha* in die besonder, was vir my 'n groot bron van aanmoediging. Die ure wat ek met hom in gesprek kon deurbring en sy bereidheid om altyd behulpsaam te wees, sal my altyd bybly.

My hartlike dank gaan aan die biblioteekdienste, Universiteit van Zoeloeland, asook die Akademiese Inligtingsdiens, Universiteit van Pretoria. Hulle hulp en moeite om literatuur te bekom, word waardeer.

Ook aan die Nermic-instituut, Universiteit van Zoeloeland, rig ek graag 'n woord van besondere dank. Hier het ek vrye toegang gehad tot belangrike literatuur oor die onderwerp.

My dank gaan ook aan mev H Larkins wat die taalkundige versorging onderneem het.

Laastens gaan al my dank aan die Here wat my die krag gegee het om hierdie navorsing te kon voltooi!



**Oppedra aan Rina wat my hart vir die  
mense van Afrika deel.**

## INHOUDSOPGAWE

<b>OPSOMMING</b>	<b>1</b>
<b>SUMMARY</b>	<b>3</b>
<b>1. INLEIDING</b>	<b>5</b>
1.1 Agtergrond	5
1.2 Hipotesestelling	11
1.3 Begrensing van die ondersoek	12
1.4 Doel en motivering vir die ondersoek	12
1.5 Navorsingsmetodiek	13
<b>2. KULTUUR, KONTEKSTUALISASIE EN INKULTURASIE</b>	<b>16</b>
2.1 Inleidend	16
2.2 Kultuur	18
2.2.1 Kultuur gedefineer	18
2.2.2 Kultuur: algemene opmerkings	20
2.2.2.1 Kultuur is 'n plan vir die lewe	20
2.2.2.2 Kultuur is gemeenskapsbesit	23
2.2.2.3 Kultuur word aangeleer	24
2.2.2.4 Kultuur is 'n geïntegreerde geheel	25
2.2.2.5 Lewens- en wêreldbeskouing en kultuur	27
2.2.2.6 Kultuur en godsdiens	29
2.2.2.7 God en kultuur	31
2.2.2.8 Die verhouding kultuur en evangelie	35
2.2.2.9 Kultuur en mites	38
2.2.2.10 Kultuur en verandering	39



2.3	Kontekstualisasie	41
2.3.1	Inleidende opmerkings	41
2.3.2	Herkoms en betekenis van die begrip kontekstualisasie	43
2.3.3	Vorms van kontekstualisasie	49
2.3.4	Kritiese kontekstualisasie	52
2.4	Inkulturasie	53
2.4.1	Inleidende opmerkings	53
2.4.2	Die kenmerkende eienskappe van inkulturasie	54
2.4.3	Die kritiese dimensie van inkulturasie	55
2.4.4	Inkulturasie en vooroordele	55
2.4.4.1	Vorms van vooroordele	55
2.4.4.2	Oorsake van hierdie vooroordele	57
2.4.5	Inkulturasie en hermeneutiek	58
2.5	Selfteologiesering	59
2.5.1	Inleidend	59
2.5.2	Watter funksies vervul 'n teologie?	62
2.5.3	Kontekstuele teologie: 'n epistemologiese wending	63
2.6	Slotopmerkings	65
<b>3.</b>	<b>SINKRETISME AS VERSKYNSEL</b>	<b>67</b>
3.1	Inleidende opmerkings	67
3.2	Herkoms van die woord "sinkretisme"	68
3.2.1	Plutarchus en die Kretense	68
3.2.2	Betekenisveranderinge na Plutarchus	69
3.3	Sinkretisme: 'n definisieprobleem	73



3.3.1	Inleidende opmerkings	73
3.3.2	Enkele belangrike standpunte	74
3.3.3	Groter klem op die belangrikheid van kultuur	78
3.4	Verskillende fases van sinkretisme deur die geskiedenis	83
3.4.1	Die eerste groot fase	83
3.4.2	Die tweede groot fase	84
3.4.3	Die derde groot fase	86
3.4.4	Die vierde groot fase	87
3.5	Sinkretisme en die openbaringsgeskiedenis	88
3.5.1	Inleidend	88
3.5.2	Die Ou Testament	88
3.5.2.1	Inleidend	88
3.5.2.2	Voorbeelde van sinkretisme in die Ou Testament	89
3.5.3	Die Nuwe Testament	92
3.5.3.1	Oorsigtelik	92
3.5.3.2	Sinkretisme in die Nuwe Testament	94
3.5.3.3	Sinkretistiese terminologie in die Nuwe Testament	96
3.5.3.4	Is die Nuwe Testamant die produk van sinkretisme?	98
3.5.4	Hoe hanteer die Bybel sinkretisme?	99
3.6	Vorms van sinkretisme	99
3.6.1	Inleidend	99
3.6.2	Vorms van sinkretisme	101
3.6.2.1	Passiewe, spontane sinkretisme	101

3.6.2.2	Aktiewe, spontane sinkretisme	102
3.7	Die oorsake van sinkretisme	102
3.8	Voorbeelde van sinkretisme	103
3.9	Sinkretisme, religieuse pluralisme en relativisme	106
3.9.1	Inleidende opmerkings	106
3.9.2	Wat is die oorsake vir hierdie religieuse pluralisme?	108
3.9.3	Die gevolge van hierdie religieuse pluralisme	109
3.9.4	Interreligieuse dialoog	110
3.9.4.1	Oorsigtelik	110
3.9.4.2	Wat moet ons houding wees?	111
3.9.5	Is alle godsdienste gelyk?	113
3.9.6	Op soek na 'n algemene wêreldgodsdienst?	115
3.9.7	Sinkretisme en relativisme	117
3.9.7.1	Wat is relativisme?	117
3.9.7.2	Wat is die implikasies van hierdie standpunt?	119
3.9.7.3	Beoordeling	120
3.10	Sinkretisme en identiteit	122
3.11	Sinkretisme en inkulturasie	124
3.12	Sinkretisme en kontekstualisasie	127
3.12.1	Hesselgrave	128
3.12.2	Hiebert	129
3.13	Sinkretisme: nuwe uitdagings	132
3.13.1	Inleidend	132
3.13.2	Moet met die term "sinkretisme" weggedoen word?	132
3.13.3	Die noodsaaklikheid van 'n positiewer benadering	134

3.13.4	Oogmerke van 'n positiewer benadering	137
3.14	Samevatting	138
<b>4.</b>	<b>DIE TRADISIONELE ZOEOGODSDIENS</b>	<b>140</b>
4.1	Inleidende opmerkings	140
4.2	Aspekte van die tradisionele lewens- en wêreldbeskouing	142
4.3	Die geloof in 'n Opperwese	144
4.4	Die geloof in ander gode	148
4.5	Die geloof in geeste	148
4.6	Die voorouerkultus	149
4.6.1	Die dood en daarna	150
4.6.2	Word almal voorouergeeste?	151
4.6.3	Die funksies van die voorouergeeste	152
4.6.4	Wyse van openbaring	154
4.6.5	Hoe moet hierdie vraagstuk benader word?	154
4.6.5.1	Die Rooms Katolieke Kerk	154
4.6.5.2	Protestandse kerke	155
4.7	Krag en magie in die Zoelogoedsdiens	157
4.8	Sonde, straf en verlossing	160
4.8.1	Sonde en skuld	160
4.8.2	Geregtigheid en straf	162
4.8.3	Verlossing	163
4.9	Beoordeling van die tradisionele Zoelogoedsdiens	164
4.10	Slotopmerkings	166



<b>5.</b>	<b>OP SOEK NA 'N EIE AFRIKA-CHRISTENDOM</b>	<b>167</b>
5.1	Inleidende opmerkings	167
5.2	Ontstaan en omvang van die Onafhanklike Swart Kerke	168
5.3	Definisie en tipologie	170
5.3.1	Definisie	170
5.3.2	Tipologie	171
5.3.2.1	Oorhoofse indeling	171
5.3.2.2	Nadere indeling	171
5.4	Historiese ontwikkeling	174
5.4.1	Die Ethiopiese beweging	174
5.4.2	Die Gees-tipe bewegings	175
5.5	Redes vir die ontstaan van die Onafhanklike Swart Kerke	177
5.6	Redes vir die groei in die Onafhanklike Swart Kerke	180
5.7	Verskille tussen die kerke of bewegings binne die korpus van die Onafhanklike Swart Kerke	180
5.8	Die invloed van die tradisionele kultuur en godsdiens op die Onafhanklike Swart Kerke	181
5.9	'n Nuwe dualisme kom tot stand	182
5.10	Bydrae wat die Onafhanklike Swart Kerke lewer	184
5.11	Skrifgebruik en verkondiging	184
5.12	Die spiritualiteit van die Onafhanklike Swart Kerke	187
5.13	Hoe moet die Christen die Onafhanklike Swart Kerke benader?	188
5.14	Slotopmerkings	190
<b>6.</b>	<b>SINKRETISTIESE VERSKYNSELS BY DIE <i>IBANDLA</i> <i>LAMANAZARETHA</i></b>	<b>192</b>
6.1	Ontstaan en groei van die kerk	192

6.1.1	Inleidende opmerkings	192
6.1.2	Die ontstaan en groei van die kerk	192
6.1.3	Leierskap	200
6.1.3.1	Institusionele leierskap	200
6.1.3.2	Die stryd om die leierskap	201
6.1.4	Enkele slotopmerkings	202
6.2	Sinkretistiese verskynsels by die <i>amaNazaretha</i> en 'n beoordeling daarvan	203
6.2.1	Inleidend	203
6.2.2	Die Opperwese	204
6.2.3	Die Persoon en werk van Jesus Christus	208
6.2.4	Die Persoon en werk van die Heilige Gees	214
6.2.5	Die voorouers	217
6.2.6	Eskatologie en die betekenis van Ekuphakameni/Ebuhleni	220
6.2.7	Profetisme	224
6.2.8	Genesingspraktyke	226
6.2.9	Liturgiek en rituele handeling	229
6.2.9.1	Sang en dans	229
6.2.9.2	Doop	230
6.2.9.3	Nagmaal	231
6.2.9.4	Ander rituele	231
6.2.9.5	Beoordeling	232
6.2.10	Poligamie	233
6.3	Slotopmerkings	234



<b>7.</b>	<b>BELANGRIKSTE GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS</b>	<b>237</b>
7.1	Inleidend	237
7.2	Die belangrikheid van kultuur	237
7.3	Kontekstualisasie en inkulturasie	238
7.4	Sinkretisme	243
7.4.1	Oorsigtelik	243
7.4.2	Die behoefte aan 'n positiewer benadering	244
7.5	Die Onafhanklike Swart Kerke	246
7.5.1	Inleidend	246
7.5.2	Op soek na 'n eie identiteit	247
7.5.3	Grondliggende probleme	250
7.5.4	Tipologie	251
7.5.5	Veranderinge wat in die tradisionele lewens- en wêreldbe- skouing nodig is	256
7.6	Benadering	257
	<b>BYLAE</b>	<b>258</b>
	<b>LITERATUURVERWYSINGS</b>	<b>262</b>

## OPSOMMING

Hierdie navorsing handel oor sinkretisme as die proses waarin elemente van twee of meer kulture wat met mekaar in aanraking kom, saamgevoeg of vermeng word.

Die verkondiging van die evangelie geskied nooit in 'n lugleegte nie. Dit word deur mense en aan mense met 'n eie kulturele milieu oorgedra - mense wie se lewens- en wêreldbeskouing verskil en waarvan kennis geneem moet word.

Deur die eeue is voortdurend daarteen gewaak dat hierdie boodskap en die vorm waarin dit gegiet is, nie in hierdie proses deur sinkretisme aangetas word nie. Die ander pool, naamlik kultuur en die kontekstualisering van die evangelie binne daardie kultuur, is grootliks buite rekening gelaat. Hierdie houding is ook deurgaans deur die uitgangspunt gevoed dat sinkretisme ten alle koste vermy moet word. Die grondhouding jeens sinkretisme was dus hoofsaaklik negatief.

Algaande is egter besef dat evangelie-oordrag in vreemde kultuurpatrone en uitdrukkings dit vir die inheemse mense onmoontlik maak om die essensie van die evangelie te onderskei en dat dit daarom vir hulle steeds vreemd bly. Gedurende die afgelope paar dekades het missioloë toenemend bewus geword van die noodsaaklikheid dat die evangelie in bestaande kulture geïnkarneer moet word en dit het daartoe gelei dat *inkulturasie* en *kontekstualisasie* toenemend die strategie geword het waardeur die evangelie betekenisvol binne 'n bepaalde kultuur gestalte kon vind. Hiermee het ook belangrike vrae na vore getree. Is nie-Westerse elemente in 'n bepaalde kultuur noodwendig "boos" en moet dit onder alle omstandighede verwerp word? Is sinkretisme in alle omstandighede verkeerd en net negatief? Is sinkretisme en inkulturasie altyd onversoenbaar? Of moet gesê word dat sinkretisme onvermydelik en 'n noodsaaklik stap in die proses van betekenisvolle inkulturasie is?

Dit is in die Afrika- en veral die Suid-Afrikaanse konteks dat hierdie probleem van wesenlike belang geword het. Die ontstaan van die Onafhanklike Swart Kerke met hul teruggrype na die tradisionele kultuurvorme is die agtergrond waarteen die verskynsel van sinkretisme in hierdie



navorsing belig is. As konteks is die *iBandla lamaNazaretha* van Shembe geneem om die verhouding kultuur/sinkretisme te bestudeer. In hierdie Onafhanklike Swart Kerke kom sinkretistiese verskynsels wyd voor.

Wat dan in hierdie navorsing onder die loep geneem word, is verskillende aspekte van kultuur, inkulturasie, kontekstualisasie, sinkretisme, die tradisionele Zoeloegodsdiens, die verskynsel van Onafhanklike Swart Kerke en die *amaNazaretha*.

In hierdie navorsing word beklemtoon dat waar sinkretisme die essensie en identiteit van die Skrif in sy wese aantast, dit inderdaad verwerp en teen gewaarsku moet word. Wat egter ook bepleit word, is dat hierdie verskynsel nie net in 'n negatiewe lig beskou en sonder meer verwerp moet word nie. Daar is ook 'n positiewe kant wat benadruk behoort te word. Indien die Christendom erns met die erkenning van kultuur en die noodsaaklikheid van kontekstualisasie en inkulturasie wil maak, sal 'n breër dimensie van sinkretisme ook benadruk moet word. Die slotsom van hierdie studie is dan die volgende:

**Religieuse sinkretisme is die proses waarin godsdienstige elemente van twee of meer kulture wat met mekaar in aanraking is, saamgevoeg of vermeng word. Hierdie proses bied aan die Christen 'n teologiese uitdaging om die grootste mate van versoening te laat plaasvind, sonder om die essensie en die identiteit van die evangelie te verloor of prys te gee.**

## SUMMARY

This research deals with syncretism as the process whereby elements of two or more cultures, which are in contact, merge and blend.

The proclamation of the gospel never occurs in a vacuum. It is conveyed by people and to people in a specific cultural milieu - people whose life and worldview differ - a fact which needs to be taken into consideration.

Through the centuries every endeavour has been made to ensure that the Gospel message and the form in which it was cast in the process of proclamation was not affected by syncretism. Conversely, culture, and the contextualisation of the gospel within that culture, has been largely neglected. The latter position has been fuelled by the basic assumption that syncretism should be avoided at all costs. Consequently the fundamental position regarding syncretism has been negative.

Progressively it was realised that the transference of the gospel in unfamiliar cultural patterns and expressions made it difficult for indigenous people to discern its essence and it therefore remained foreign. During the past few decades missiologists have become increasingly aware of the necessity for the gospel to be incarnated in existing cultures. This has led to *inculturation* and *contextualisation* increasingly becoming the strategy whereby the gospel may be actualised and made relevant within a particular culture. This gave rise to important questions. Are non-Western elements within a particular culture necessarily 'evil' and to be rejected in all circumstances? Is syncretism unacceptable in every circumstance and to be perceived in negative terms only? Are syncretism and inculturation always irreconcilable? Or should it be maintained that syncretism is unavoidable and a necessary step in the process of meaningful inculturation?

It is in the African and particularly the South African context that this problem has become of essential significance. The rise of the African Independent Churches which embrace and sustain traditional forms of culture is the background to this research on the phenomenon of

syncretism. The *iBandla lamaNazaretha* of Shembe was used as the context for the study of the culture and syncretism relationship. Syncretistic phenomena occur widely in these African Independent Churches.

Aspects that are scrutinized in this research are various features of culture, inculturation, contextualisation, syncretism, traditional Zulu religion, the phenomenon of African Independent Churches and the *amaNazaretha*.

It is emphasised in this research that syncretism is to be rejected and cautioned against wherever it affects the essence and character of the gospel. It is, however, advocated that the phenomenon should not simply be viewed negatively and rejected out of hand. There is also a positive side that should be stressed. If Christianity takes the recognition of culture and the necessity for contextualisation and inculturation seriously, a broader dimension of syncretism ought to be emphasised. The conclusion of this research is as follows:

**Religious syncretism is the process whereby religious elements of two or more cultures, which are in contact, merge and blend. This process presents the Christian with a theological challenge to engage in extensive reconciliation without forfeiting or losing the essence and character of the gospel.**